

This publication super-
sedes South Africa
No. 1 (1969),
Cmnd. 3916

SOUTH AFRICA



Treaty Series No. 99 (1969)

Convention

between the Government of the
United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland
and the Government of the Republic of South Africa

for the Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion with respect to Taxes on Income and Capital Gains

London, 21 November 1968

[Instruments of ratification were exchanged on 29 May 1969 and the Convention entered into force on 29 June 1969]

*Presented to Parliament
by the Secretary of State for Foreign and Commonwealth Affairs
by Command of Her Majesty
October 1969*

LONDON
HER MAJESTY'S STATIONERY OFFICE

3s. 6d. [17½p] net

Cmnd. 4163

CONVENTION
BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE UNITED KINGDOM
OF GREAT BRITAIN AND NORTHERN IRELAND AND THE
GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE
PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO
TAXES ON INCOME AND CAPITAL GAINS

The Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland and the Government of the Republic of South Africa;

Desiring to conclude a Convention for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income and capital gains;

Have agreed as follows:—

ARTICLE 1

(1) The taxes which are the subject of this Convention are:

(a) in South Africa:

- (i) the normal tax;
- (ii) the non-resident shareholders' tax;
- (iii) the undistributed profits tax;
- (iv) the non-residents tax on interest; and
- (v) the provincial income and personal taxes (hereinafter referred to as "South African tax");

(b) in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland:

- (i) the income tax (including surtax);
- (ii) the corporation tax; and
- (iii) the capital gains tax (hereinafter referred to as "United Kingdom tax").

(2) This Convention shall also apply to any identical or substantially similar taxes which are subsequently imposed in addition to, or in place of, the existing taxes.

ARTICLE 2

(1) In this Convention, unless the context otherwise requires:

- (a) the term "United Kingdom" means Great Britain and Northern Ireland;
- (b) the term "South Africa" means the Republic of South Africa;
- (c) the terms "a Contracting State" and "the other Contracting State" mean the United Kingdom or South Africa, as the context requires;

KONVENSIË
TUSSEN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK
VAN GROOT-BRITTANJE EN NOORD-IERLAND EN DIE
REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
TER VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE
VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING
TOT BELASTINGS OP INKOMSTE EN KAPITAALWINSTE

Die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika;

Aangesien hulle begerig is om 'n Konvensie ter vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en kapitaalwinste aan te gaan;

Het soos volg ooreengekom:—

ARTIKEL 1

(1) Die belastings waaroor hierdie Konvensie handel, is as volg:

(a) In Suid-Afrika:

- (i) die normale belasting;
- (ii) die belasting op buitelandse aandeelhouders;
- (iii) die belasting op onuitgekeerde winste;
- (iv) die rentebelasting op buitelanders;
- (v) die provinsiale inkomstebelastings en persoonlike belastings (hieronder "Suid-Afrikaanse belasting" genoem).

(b) In die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland:

- (i) die inkomstebelasting (met inbegrip van *surtax*)
- (ii) die *corporation tax* en
- (iii) die kapitaalwinstebelasting (hieronder "die belasting van die Verenigde Koninkryk" genoem).

(2) Hierdie Konvensie is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings wat hierna bo en behalwe of in plaas van die bestaande belastings opgelê word.

ARTIKEL 2

(1) In hierdie Konvensie, tensy die sinsverband anders vereis, beteken—

- (a) die uitdrukking "Verenigde Koninkryk" Groot-Brittanje en Noord-Ierland;
- (b) die uitdrukking "Suid-Afrika" die Republiek van Suid-Afrika;
- (c) die uitdrukkings "'n Kontrakterende Staat" en "die ander Kontrakterende Staat" die Verenigde Koninkryk of Suid-Afrika, na gelang die sinsverband vereis;

- (d) the term "taxation authorities" means, in the case of the United Kingdom, the Commissioners of Inland Revenue or their authorised representative; in the case of South Africa, the Secretary for Inland Revenue or his authorised representative; and in the case of any territory to which this Convention is extended under Article 26, the competent authority for the administration in such territory of the taxes to which this Convention applies;
- (e) the term "tax" means United Kingdom tax or South African tax, as the context requires;
- (f) the term "person" includes any body of persons, corporate or not corporate;
- (g) the term "company" means any body corporate;
- (h) the terms "United Kingdom enterprise" and "South African enterprise" mean respectively an industrial or commercial enterprise or undertaking carried on by a resident of the United Kingdom and an industrial or commercial enterprise or undertaking carried on by a resident of South Africa, and the terms "enterprise of a Contracting State" and "enterprise of the other Contracting State" mean a United Kingdom enterprise or a South African enterprise, as the context requires;
- (i) the term "international traffic" includes traffic between places in one country in the course of a voyage which extends over more than one country.

(2) Where under this Convention any income is exempt from tax, or is to be granted relief from tax, in a Contracting State if (with or without other conditions) it is subject to tax in the other Contracting State and that income is subject to tax in that other Contracting State by reference to the amount thereof which is remitted to or received in that other Contracting State, the exemption or relief to be allowed under this Convention in the first-mentioned Contracting State shall apply only to the amount so remitted or received.

(3) In the application of the provisions of this Convention by a Contracting State any term not otherwise defined shall, unless the context otherwise requires, have the meaning which it has under the laws in force in the territory of that Contracting State relating to the taxes which are the subject of this Convention.

ARTICLE 3

(1) For the purposes of this Convention the term "resident of a Contracting State" means any person who, under the law of that State, is liable to taxation therein by reason of his domicile, residence, place of management or any other criterion of a similar nature. The terms "resident of the United Kingdom" and "resident of South Africa" shall be construed accordingly.

- (d) die uitdrukking “belastingowerhede” in die geval van die Verenigde Koninkryk die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of hulle gemagtigde verteenwoordiger, in die geval van Suid-Afrika die Sekretaris van Binnelandse Inkomste of sy gemagtigde verteenwoordiger, en in die geval van enige gebied waartoe hierdie Konvensie ingevolge artikel 26 uitgebrei word, die bevoegde gesag belas met die toepassing in sodanige gebied van die belastings waarop hierdie Konvensie betrekking het;
- (e) die uitdrukking “belasting” belasting van die Verenigde Koninkryk of Suid-Afrikaanse belasting, na gelang die verband vereis;
- (f) die uitdrukking “persoon” ook enige liggaam van persone met of sonder regs persoonlikheid;
- (g) die uitdrukking “maatskappy” enige liggaam met regs persoonlikheid;
- (h) die uitdrukking “onderneming van die Verenigde Koninkryk” en “Suid-Afrikaanse onderneming” onderskeidelik ’n nywerheids- of handelonderneming wat deur ’n inwoner van die Verenigde Koninkryk gedryf word en ’n nywerheids- of handelonderneming wat deur ’n inwoner van Suid-Afrika gedryf word, en die uitdrukking “’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat” en, “’n onderneming van die ander Kontrakterende Staat” ’n onderneming van die Verenigde Koninkryk of ’n Suid-Afrikaanse onderneming, na gelang van die sinsverband;
- (i) die uitdrukking “internasionale verkeer” ook verkeer tussen plekke in een land in die loop van ’n reis wat oor meer as een land strek.

(2) Wanneer ingevolge hierdie Konvensie enige inkomste in ’n Kontrakterende Staat vrygestel is van belasting of verligting van belasting daaraan toegestaan moet word, indien (met of sonder ander voorwaardes) dit in die ander Kontrakterende Staat aan belasting onderworpe is en daardie inkomste in daardie ander Kontrakterende Staat aan belasting onderworpe is in verhouding tot die bedrag daarvan wat na daardie ander Kontrakterende Staat gestuur of daarin ontvang word, is die vrystelling of verligting wat ingevolge hierdie Konvensie in eersgenoemde Kontrakterende Staat toegestaan moet word, slegs van toepassing op die bedrag wat aldus gestuur of ontvang word.

(3) By die toepassing van die bepalings van hierdie Konvensie deur een van die Kontrakterende State en tensy die sinsverband anders vereis, het ’n uitdrukking wat nie andersins omskryf is nie, dieselfde betekenis as in die wette wat in die gebied van daardie Staat van krag is en betrekking het op die belastings waarvoor hierdie Konvensie handel.

ARTIKEL 3

(1) Vir die toepassing van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking “inwoner van ’n Kontrakterende Staat” enige persoon wat, kragtens die wette van daardie Staat, daarin vir belasting aanspreeklik is uit hoofde van sy verblyf, woonplek, plek van bestuur of enige ander soortgelyke maatstaf. Die uitdrukking “inwoner van die Verenigde Koninkryk” en “inwoner van Suid-Afrika” word dienooreenkomstig uitgelê.

(2) Where by reason of the provisions of paragraph (1) of this Article an individual is a resident of both Contracting States, then his status shall be determined in accordance with the following rules:

- (a) He shall be deemed to be a resident of the Contracting State in which he has a permanent home available to him; if he has a permanent home available to him in both Contracting States, he shall be deemed to be a resident of the Contracting State with which his personal and economic relations are closest (hereinafter referred to as "his centre of vital interests").
- (b) If the Contracting State in which he has his centre of vital interests cannot be determined, or if he has not a permanent home available to him in either Contracting State, he shall be deemed to be a resident of the Contracting State in which he has an habitual abode.
- (c) If he has an habitual abode in both Contracting States or in neither of them, he shall be deemed to be a resident of the Contracting State of which he is a national.
- (d) If he is a national of both Contracting States or of neither of them, the taxation authorities of the Contracting States shall determine the question by mutual agreement.

(3) Where by reason of the provisions of paragraph (1) of this Article, a person other than an individual is a resident of both Contracting States, then it shall be deemed to be a resident of the Contracting State in which its place of effective management is situated.

ARTICLE 4

(1) For the purposes of this Convention, the term "permanent establishment" means a fixed place of business in which the business of the enterprise is wholly or partly carried on.

(2) The term "permanent establishment" shall include especially:

- (a) a place of management;
- (b) a branch;
- (c) an office;
- (d) a factory;
- (e) a workshop;
- (f) a mine, quarry or other place of extraction of natural resources;

(g) a building site or construction or assembly project which exists for more than twelve months.

(3) The term "permanent establishment" shall not be deemed to include:

- (a) the use of facilities solely for the purpose of storage, display or delivery of goods or merchandise belonging to the enterprise;

(2) Waar, as gevolg van die bepalings van paragraaf (1) van hierdie artikel, 'n individu 'n inwoner van beide Kontrakterende State is, word sy status ooreenkomstig die volgende reëls bepaal:

- (a) Hy word geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarin hy 'n permanente tuiste tot sy beskikking het; indien hy in beide Kontrakterende State 'n permanente tuiste tot sy beskikking het, word hy geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarmee sy persoonlike en ekonomiese verhoudings die nouste is (hierna genoem "sy tuiste van lewensbelange");
- (b) indien die Kontrakterende Staat waarin hy sy tuiste van lewensbelange het, nie bepaal kan word nie, of indien hy nie 'n permanente tuiste in enigeen van die Kontrakterende State tot sy beskikking het nie, word hy geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarin hy 'n gewoonteverblyfplek het;
- (c) indien hy 'n gewoonteverblyfplek het in beide Kontrakterende State of in nie een van die twee State nie, word hy geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarvan hy 'n burger is;
- (d) indien hy 'n burger is van beide Kontrakterende State of van nie een van die twee State nie, besleg die belastingowerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.

(3) Waar as gevolg van die bepalings van paragraaf (1) van hierdie artikel 'n ander persoon as 'n individu 'n inwoner van beide Kontrakterende State is, word hy geag 'n inwoner van die Kontrakterende Staat te wees waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is.

ARTIKEL 4

(1) Vir die toepassing van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking "permanente saak" 'n vaste besigheidsplek waarin die besigheid van die onderneming uitsluitlik of gedeeltelik uitgeoefen word.

(2) Die uitdrukking "permanente saak" sluit veral in:

- (a) 'n plek van bestuur,
- (b) 'n tak,
- (c) 'n kantoor,
- (d) 'n fabriek,
- (e) 'n werkwinkel,
- (f) 'n myn, steengroef of ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne,
- (g) 'n bousterrein of konstruksie- of monteerprojek wat langer as twaalf maande bestaan.

(3) Die uitdrukking "permanente saak" word nie geag die volgende in te sluit nie, naamlik—

- (a) die aanwending van fasiliteite alleenlik vir die doel om goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort op te berg, te vertoon of af te lewer;

- (b) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of storage, display or delivery;
- (c) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of processing by another enterprise;
- (d) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of purchasing goods or merchandise, or for collecting information, for the enterprise;
- (e) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of advertising, for the supply of information, for scientific research or for similar activities which have a preparatory or auxiliary character, for the enterprise.

(4) An enterprise of a Contracting State shall be deemed to have a permanent establishment in the other Contracting State if it carries on the activity of providing the services of public entertainers or of athletes referred to in Article 15, in that other Contracting State.

(5) A person acting in a Contracting State on behalf of an enterprise of the other Contracting State—other than an agent of an independent status to whom paragraph (6) of this Article applies—shall be deemed to be a permanent establishment in the first-mentioned State if he has, and habitually exercises in that State, an authority to conclude contracts in the name of the enterprise, unless his activities are limited to the purchase of goods or merchandise for the enterprise.

(6) An enterprise of a Contracting State shall not be deemed to have a permanent establishment in the other Contracting State merely because it carries on business in that other State through a broker, general commission agent or any other agent of independent status, where such persons are acting in the ordinary course of their business.

(7) The fact that a company which is a resident of a Contracting State controls or is controlled by a company which is a resident of the other Contracting State, or which carries on business in that other State (whether through a permanent establishment or otherwise), shall not of itself constitute either company a permanent establishment of the other.

ARTICLE 5

(1) Income from immovable property may be taxed in the Contracting State in which such property is situated.

(2) (a) The term “immovable property” shall, subject to sub-paragraph (b) below, be defined in accordance with the law of the Contracting State in which the property in question is situated.

(b) The term “immovable property” shall in any case include property accessory to immovable property, livestock and equipment used in agriculture and forestry, rights to which the provisions of general law respecting landed property apply, usufruct of immovable property and rights to variable or fixed payments as consideration for the working of, or the right to work,

- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, alleenlik met die doel om dit op te berg, te vertoon of af te lewer;
- (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, alleenlik vir verwerking deur 'n ander onderneming;
- (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek vir die onderneming alleenlik met die doel om goedere of handelsware aan te koop, of vir die versameling van inligting;
- (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek vir die onderneming alleenlik met die doel om te adverteer, vir die verskaffing van inligting, vir wetenskaplike navorsing of vir dergelike bedrywighede wat van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

(4) 'n Onderneming van 'n Kontrakterende Staat word geag 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te hê indien hy die bedrywigheid beoefen van die dienste van openbare verhoogkunstenaars of atlete soos in artikel 15 bedoel, in die ander Kontrakterende Staat te verskaf.

(5) 'n Persoon wat in 'n Kontrakterende Staat namens 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat optree—uitgesonderd 'n agent met onafhanklike status op wie paragraaf (6) van hierdie artikel van toepassing is—word geag 'n permanente saak in eersgenoemde Staat te wees indien hy magtiging besit, en dit gewoonlik in daardie Staat uitoefen, om kontrakte in die naam van die onderneming te sluit, tensy sy bedrywighede beperk word tot die aankoop van goedere of handelsware vir die onderneming.

(6) 'n Onderneming van 'n Kontrakterende Staat word nie geag 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te hê nie enkel omdat hy besigheid dryf in daardie ander Staat deur bemiddeling van 'n makelaar, algemene Kommissieagent of enige ander agent met onafhanklike status, waar sodanige persone in die gewone loop van hul besigheid optree.

(7) Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, 'n maatskappy beheer of deur 'n maatskappy beheer word wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is of wat in dié ander Staat besigheid dryf (hetsy deur bemiddeling van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

ARTIKEL 5

(1) Inkomste uit onroerende eiendom mag belas word in die Kontrakterende Staat waarin sodanige eiendom geleë is.

(2) (a) Die uitdrukking “onroerende eiendom” word, behoudens onderstaande subparagraaf (b), omskryf ooreenkomstig die wette van die Kontrakterende Staat waarin die onderhawige eiendom geleë is.

(b) Die uitdrukking “onroerende eiendom” sluit in elke geval die volgende in: eiendom wat bykomend by onroerende eiendom is, lewend hawe en landbou- en bosbou-uitrusting, regte waarop die bepalinge van die algemene reg betreffende vaste eiendom van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding

mineral deposits, sources and other natural resources; ships, boats and aircraft shall not be regarded as immovable property.

(3) The provisions of paragraph (1) of this Article shall apply to income derived from the direct use, letting, or use in any other form of immovable property.

(4) The provisions of paragraphs (1) and (3) of this Article shall also apply to the income from immovable property of an enterprise and to income from immovable property used for the performance of professional services.

ARTICLE 6

(1) The industrial or commercial profits of a United Kingdom enterprise shall not be subject to South African tax unless the enterprise carries on a trade or business in South Africa through a permanent establishment situated therein. If it carries on a trade or business as aforesaid, tax may be imposed on those profits by South Africa, but only on so much of them as is attributable to that permanent establishment.

(2) The industrial or commercial profits of a South African enterprise shall not be subject to United Kingdom tax unless the enterprise carries on a trade or business in the United Kingdom through a permanent establishment situated therein. If it carries on a trade or business as aforesaid, tax may be imposed on those profits by the United Kingdom, but only on so much of them as is attributable to that permanent establishment.

(3) Where an enterprise of a Contracting State carries on a trade or business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein, there shall be attributed to that permanent establishment the industrial or commercial profits which it might be expected to derive in that other Contracting State if it were an independent enterprise engaged in the same or similar activities under the same or similar conditions and dealing at arm's length with the enterprise of which it is a permanent establishment.

(4) In the determination of the profits of a permanent establishment, there shall be allowed as deductions expenses of the enterprise (other than expenses which would not be deductible if the permanent establishment were a separate enterprise) which are incurred for the purposes of the permanent establishment including executive and general administrative expenses so incurred, whether in the Contracting State in which the permanent establishment is situated or elsewhere.

(5) No profits shall be attributed to a permanent establishment by reason of the mere purchase by that permanent establishment of goods or merchandise for the enterprise.

(6) The term "industrial or commercial profits" means income derived by an enterprise from the conduct of a trade or business, including income derived by an enterprise from the furnishing of services of employees or

vir die ontginning, of die reg tot ontginning, van mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne; skepe, bote en vliegtuie word nie geag onroerende eiendom te wees nie.

(3) Die bepalings van paragraaf (1) van hierdie artikel is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik of uit die verhuur van onroerende eiendom of uit die gebruik in enige ander vorm van sodanige eiendom.

(4) Die bepalings van paragrawe (1) en (3) van hierdie artikel is ook van toepassing op die inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming en op inkomste uit onroerende eiendom wat by die verrigting van professionele dienste gebruik word.

ARTIKEL 6

(1) Die nywerheids- of handelswinste van 'n onderneming van die Verenigde Koninkryk is nie aan Suid-Afrikaanse belasting onderworpe nie, tensy die onderneming handel of besigheid in Suid-Afrika dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien hy handel of besigheid dryf soos voormeld, kan belasting deur Suid-Afrika op daardie winste gelê word, maar slegs op soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toegeskryf kan word.

(2) Die nywerheids- of handelswinste van 'n Suid-Afrikaanse onderneming is nie aan belasting van die Verenigde Koninkryk onderworpe nie, tensy die onderneming handel of besigheid in die Verenigde Koninkryk dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien hy handel of besigheid dryf soos voormeld, kan belasting deur die Verenigde Koninkryk op daardie winste gelê word, maar slegs op soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toegeskryf kan word.

(3) Wanneer 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat handel of besigheid in die ander Kontrakterende Staat dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word aan daardie permanente saak die nywerheids- of handelswinste toegeskryf wat hy na verwagting in daardie ander Kontrakterende Staat kan verkry as hy 'n onafhanklike onderneming is wat hom met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke toestande besig hou en die uiterste voorwaardes beding van die onderneming waarvan hy 'n permanente saak is.

(4) By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak, word as aftrekkings toegelaat onkoste van die onderneming (met uitsondering van uitgawes wat nie aftrekbaar sou gewees het indien die permanente saak 'n onafhanklike onderneming was nie) aangegaan vir doeleindes van die permanente saak, met inbegrip van bestuurs- en algemene administrasiekoste aldus aangegaan, hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is, of elders.

(5) Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van bloot die aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelware vir die onderneming nie.

(6) Die uitdrukking "nywerheids- of handelswinste" beteken inkomste deur 'n onderneming verkry uit die beoefening van 'n bedryf of besigheid, insluitende inkomste verkry deur 'n onderneming uit die lewering van dienste

other personnel, but it does not include dividends, interest, royalties (as defined in Articles 9, 10 and 11) or rents other than dividends, interest, royalties or rents effectively connected with a trade or business carried on through a permanent establishment which an enterprise of one of the Contracting States has in the other Contracting State; nor does the term include remuneration for personal (including professional) services.

(7) Nothing in the foregoing provisions of this Article shall affect any of the provisions of the law of the United Kingdom relating to the liability to tax of a life assurance company not having its head office in the United Kingdom in respect of income from the investments of its life assurance fund, being provisions which (except in so far as they were rendered ineffective by virtue of Article III of the Convention between the Government of the United Kingdom and the Government of South Africa for the Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion with respect to Taxes on Income signed at Cape Town on 28th May, 1962) were in force on the date of signature of this Convention, or which, if they have been modified since that date, have been modified only in minor respects so as not to affect their general character.

ARTICLE 7

A resident of a Contracting State shall be exempt from tax in the other Contracting State on profits from the operation of ships or aircraft other than profits from voyages of ships or aircraft confined solely to places in the other Contracting State.

ARTICLE 8

Where

- (a) an enterprise of a Contracting State participates directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of the other Contracting State; or
- (b) the same persons participate directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of a Contracting State and an enterprise of the other Contracting State;

and in either case, conditions are made or imposed between the two enterprises, in their commercial or financial relations, which differ from those which would be made between independent enterprises, then any profits which would, but for those conditions, have accrued to one of the enterprises, but, by reason of those conditions, have not so accrued, may be included in the profits of that enterprise and taxed accordingly.

ARTICLE 9

(1) Dividends paid by a company which is a resident of a Contracting State to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other Contracting State.

van werknemers of ander personeel, met uitsluiting van dividende, rente en tantième (soos omskryf in artikels 9, 10 en 11) of huurgelde, behalwe dividende, rente, tantième of huurgelde wat effektief verbonde is aan 'n bedryf of besigheid wat gedryf word deur 'n onderneming van een van die Kontrakterende State deur bemiddeling van 'n permanente saak wat dit in die ander Kontrakterende Staat het; die uitdrukking sluit ook nie besoldiging ten opsigte van persoonlike (insluitende professionele) dienste in nie.

(7) Niks in die voorafgaande bepalings van hierdie artikel raak enige van die wet van die Verenigde Koninkryk met betrekking tot die belastingaanspreeklikheid van 'n lewensversekeringsmaatskappy wat nie sy hoofkantoor in die Verenigde Koninkryk het nie, se bepalings ten opsigte van inkomste uit beleggings van sy lewensversekeringsfonds nie, synde bepalings wat (behalwe vir sover hulle kragteloos gemaak is deur artikel III van die Konvensie tussen die Regering van die Verenigde Koninkryk en die Regering van Suid-Afrika ter Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking ten opsigte van Belasting op Inkomste, geteken te Kaapstad op 28 Mei 1962) van krag was op die datum van ondertekening van hierdie Konvensie, of wat, indien hulle sedert daardie datum gewysig is, slegs in minder belangrike opsigte gewysig is sodat hul algemene strekking nie verander sou word nie.

ARTIKEL 7

'n Inwoner van 'n Kontrakterende Staat is in die ander Kontrakterende Staat vrygestel van belasting ten opsigte van winste uit die eksploitering van skepe of vliegtuie, uitgesonderd winste verkry uit reise van skepe of vliegtuie wat uitsluitlik tot plekke binne die ander Kontrakterende Staat beperk is.

ARTIKEL 8

Wanneer

- (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks in die bestuur, beheer of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deel het; of
- (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks in die bestuur, beheer of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deel het;

en, in enigeen van die gevalle voorwaardes tussen die twee ondernemings met betrekking tot hul handels- of finansiële verhoudings gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes en van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienooreenkomstig belas word.

ARTIKEL 9

(1) Dividende wat deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

(2) However, such dividends may be taxed in the Contracting State of which the company paying the dividends is a resident, and according to the law of that Contracting State, but the tax so charged shall not exceed:

- (a) 5 per cent of the gross amount of the dividends if those dividends are beneficially owned by a company which is a resident of the other Contracting State and which controls directly or indirectly at least 25 per cent of the voting power of the company paying the dividends;
- (b) in other cases 15 per cent of the gross amount of the dividends if those dividends are either
 - (i) beneficially owned by a company which is a resident of the other Contracting State, or
 - (ii) paid to a resident of the other Contracting State who is subject to tax there in respect thereof.

This paragraph shall not affect the taxation of the company in respect of the profits out of which the dividends are paid.

(3) The term "dividends" as used in this Article means income from shares or other rights, not being debt-claims, participating in profits, as well as income from other corporate rights assimilated to income from shares by the taxation law of the Contracting State of which the company making the distribution is a resident and also includes any other item of income (other than royalties exempt from tax under Article 11 of this Convention) which, under the law of the Contracting State of which the company paying the dividends is a resident, is treated as a dividend or distribution of a company.

(4) If the beneficial owner of dividends being a resident of a Contracting State owns 10 per cent or more of the class of shares in respect of which the dividends are paid and does not suffer tax thereon in that State then paragraph (2) of this Article shall not apply to the dividends to the extent that they can have been paid only out of profits which the company paying the dividends earned or other income which it received in a period ending twelve months or more before the relevant date. For the purposes of this paragraph the term "relevant date" means the date on which the beneficial owner of the dividends became the owner of 10 per cent or more of the class of shares in question. Provided that this paragraph shall apply only if the shares were acquired primarily for the purpose of securing the benefit of this Article and not for bona fide commercial reasons.

(5) The provisions of paragraphs (1) and (2) of this Article shall not apply if the recipient of the dividends, being a resident of a Contracting State, has in the other Contracting State, of which the company paying the dividends is a resident, a permanent establishment and the holding by virtue of which the dividends are paid is effectively connected with the business carried on through such permanent establishment.

(2) Die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is, het egter die reg om sodanige dividende ooreenkomstig sy eie wet te belas, maar die belasting aldus gehef, mag die volgende nie te bowe gaan nie:

- (a) 5 persent van die bruto som van die dividende indien sodanige dividende vir eie voordeel besit word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner is van die ander Kontrakterende Staat en wat regstreeks of onregstreeks minstens 25 persent van die stemreg van die maatskappy beheer wat die dividende betaal;
- (b) in ander gevalle 15 persent van die bruto som van die dividende indien sodanige dividende of
 - (i) vir eie voordeel besit word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner is van die ander Kontrakterende Staat; of
 - (ii) betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat wat daar onderhewig is aan belasting ten opsigte daarvan.

Hierdie paragraaf raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit die dividende betaal word nie.

(3) Die uitdrukking "dividende" soos in hierdie artikel gebesig, beteken inkomste uit aandele of ander winsdelende regte, wat nie skuldeise is nie, asook inkomste uit ander regspersoonsregte wat deur die belastingwetgewing van die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, 'n inwoner is, met inkomste uit aandele gelykgestel is, en sluit ook in enige ander inkomste (behalwe tantième vrygestel van belasting by artikel 11 van hierdie Konvensie) wat ingevolge die wet van die Kontrakterende Staat waarvan die dividend uitkerende maatskappy 'n inwoner is, as 'n dividend of 'n uitkering van 'n maatskappy behandel word.

(4) Indien die voordeeltrekkende eienaar van dividende, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, 10 persent of meer van die klas van aandele besit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, en nie in daardie Staat aan belasting ten opsigte daarvan onderworpe is nie, is paragraaf (2) van hierdie artikel nie op die dividende van toepassing nie vir sover hulle betaal kon geword het alleenlik uit winste wat die maatskappy wat die dividende betaal, verdien het of uit ander inkomste wat dit ontvang het gedurende 'n tydperk wat twaalf maande of langer voor die toepaslike datum eindig. Vir die toepassing van hierdie paragraaf beteken die uitdrukking "toepaslike datum" die datum waarop die voordeeltrekkende eienaar van die dividende die eienaar van 10 persent of meer van die betrokke klas van aandele geword het: Met dien verstande dat hierdie paragraaf slegs van toepassing is indien die aandele hoofsaaklik verkry is om die voordeel van hierdie artikel te bekom en nie uit *bona fide*-handelsoorwegings nie.

(5) Die bepalinge van paragrafe (1) en (2) van hierdie artikel is nie van toepassing nie indien die ontvanger van die dividende 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is en in die ander Kontrakterende Staat, waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is, 'n permanente saak het en die aandelebesit uit hoofde waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan die besigheid gedryf deur middel van sodanige permanente saak.

(6) Where a company which is a resident of a Contracting State derives profits or income from the other Contracting State, that other Contracting State may not impose any tax on the dividends paid by the company to persons who are not residents of that other Contracting State, or subject the company's undistributed profits to a tax on undistributed profits, even if the dividends paid or the undistributed profits consist wholly or partly of profits or income arising in such other State.

ARTICLE 10

(1) Interest arising in one of the Contracting States and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

(2) However, such interest may be taxed in the Contracting State in which it arises, and according to the law of that Contracting State, but the tax so charged shall not exceed 10 per cent of the gross amount of the interest if the recipient is subject to tax thereon in the other Contracting State.

(3) The term "interest" as used in this Article means income from Government securities, from bonds or debentures, whether or not secured by mortgage and whether or not carrying a right to participate in profits, and from other debt-claims of every kind as well as all other income assimilated to income from money lent by the taxation law of the Contracting State in which the income arises.

(4) The provisions of paragraph (2) of this Article shall not apply if the recipient of the interest, being a resident of a Contracting State, has in the other Contracting State a permanent establishment and the debt-claim giving rise to the interest is effectively connected with a trade or business carried on through such permanent establishment.

(5) Any provision in the law of a Contracting State which relates only to interest paid to a non-resident company with or without any further requirement, or which relates only to interest payments between interconnected companies, with or without any further requirement, shall not operate so as to require such interest paid to a company which is a resident of the other Contracting State to be left out of account as a deduction in computing the taxable profits of the company paying the interest as being a dividend or distribution. The preceding sentence shall not apply to interest paid to a company which is a resident of a Contracting State in which more than 50 per cent of the voting power is controlled directly or indirectly by a person or persons resident in the other Contracting State.

(6) Interest shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is that State itself, a political sub-division, a local authority, or a resident of that State. Where, however, the person paying the interest, whether he is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment in connection with which the indebtedness on which the interest is paid was incurred, and such interest is borne

(6) Wanneer 'n maatskappy wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat, winste of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat ontvang, mag sodanige ander Kontrakterende Staat geen belasting hef op die dividende wat deur die maatskappy betaal word aan persone wat nie inwoners van daardie ander Kontrakterende Staat is nie, of die maatskappy se onuitgekeerde winste aan 'n belasting op onuitgekeerde winste onderwerp nie, selfs al bestaan die betaalde dividende of onuitgekeerde winste uitsluitlik of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.

ARTIKEL 10

(1) Rente wat in een van die Kontrakterende State gekweek en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

(2) Sodanige rente kan egter in die Kontrakterende Staat waarin dit gekweek word en ooreenkomstig die wet van daardie Staat belas word, maar die belasting aldus gehef, mag nie 10 persent van die bruto bedrag van die rente te bowe gaan indien die ontvanger daarvan in die ander Kontrakterende Staat vir belasting aanspreeklik is nie.

(3) Die uitdrukking "rente" soos in hierdie artikel gebesig, beteken inkomste uit Staatseffekte, uit obligasies of skuldbriewe, hetsy gedek deur verband al dan nie en hetsy dit 'n reg inhou om in winste te deel al dan nie, en uit alle ander soorte skuldeise, asook enige ander vorm van inkomste wat deur die belastingwet van die Kontrakterende Staat waarin die inkomste ontstaan, met inkomste uit geleende geld gelykgestel word.

(4) Die bepaling van paragraaf (2) van hierdie artikel is nie van toepassing nie indien die ontvanger van die rente 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat en in die ander Kontrakterende Staat 'n permanente saak het en die skuldeis waaruit die rente voortspruit, effektief verbonde is aan 'n bedryf of besigheid wat gedryf word deur bemiddeling van sodanige permanente saak.

(5) Enige bepaling in die wet van 'n Kontrakterende Staat wat alleen betrekking het op rente wat betaal word aan 'n nie-inwonende maatskappy, met of sonder enige verdere vereiste, of wat alleen betrekking het op rentebetalinge tussen maatskappye met onderlinge verband, met of sonder enige verdere vereiste, het nie die uitwerking dat sodanige rente wat betaal word aan 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, by die bepaling van die belasbare winste van die maatskappy wat die rente betaal, as 'n aftrekking buite rekening gelaat word omrede dit 'n dividend of 'n uitkering sou wees nie. Die voorafgaande sin is nie van toepassing nie op rente wat betaal word aan 'n maatskappy wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat waarin meer as 50 persent van die stemkrag regstreeks of onregstreeks beheer word deur een of meer persone wat in die ander Kontrakterende Staat woonagtig is nie.

(6) Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer daardie Staat self, 'n staatkundige onderverdeling, 'n plaaslike owerheid of 'n inwoner van daardie Staat die betaler is. Wanneer die persoon wat die rente betaal, hetsy hy 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is of andersins, egter 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat het in verband waarmee die skuld waarop die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur

by such permanent establishment, then such interest shall be deemed to arise in the Contracting State in which the permanent establishment is situated.

(7) Where, owing to a special relationship between the payer and the recipient or between both of them and some other person, the amount of the interest paid, having regard to the debt-claim for which it is paid, exceeds the amount which would have been agreed upon by the payer and the recipient in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount.

ARTICLE 11

(1) Royalties arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State who is subject to tax there in respect thereof shall be exempt from tax in the first-mentioned Contracting State.

(2) The term "royalties" as used in this Article:

(a) means payments of any kind received as a consideration for the use of, or the right to use, any copyright of literary, artistic or scientific work (including cinematograph films and films or tapes for radio or television broadcasting), any patent, trade mark, design or model, plan, secret formula or process, or for the use of, or the right to use, industrial, commercial or scientific equipment, or for information concerning industrial, commercial or scientific experience, but

(b) does not include any amount paid in respect of the operation of a mine, oil well or quarry or of any other extraction of natural resources.

(3) The provisions of paragraph (1) of this Article shall not apply if the recipient of the royalties, being a resident of a Contracting State has in the other Contracting State a permanent establishment and the right or property giving rise to the royalties is effectively connected with a trade or business carried on through such permanent establishment.

(4)(a) Any provision of the law of a Contracting State which requires royalties paid by a company to be left out of account as a deduction in computing the company's taxable profits as being a distribution shall not operate in relation to royalties paid to a resident of the other Contracting State.

(b) The provisions of sub-paragraph (a) of this paragraph shall not apply to royalties paid to a company which is a resident of that other Contracting State where:

(i) the same persons participate directly or indirectly in the management or control of the company paying the royalties and the company deriving the royalties, and

(ii) more than 50 per cent of the voting power in the company deriving the royalties is controlled directly or indirectly by a person or persons resident in the Contracting State in which the company paying the royalties is resident.

sodanige permanente saak betaal word, word sodanige rente geag afkomstig te wees uit die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is.

(7) Waar, as gevolg van 'n besondere verband tussen die betaler en die ontvanger of tussen albei van hulle en 'n ander persoon, die bedrag van die rente wat betaal word, met inagneming van die skuldeis ten opsigte waarvan dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waaroor by ontstentenis van sodanige verhouding tussen die betaler en die ontvanger ooreengekom sou gewees het, is die bepalings van hierdie artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing.

ARTIKEL 11

(1) Tantième wat ontstaan in 'n Kontrakterende Staat en betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat wat daar ten opsigte daarvan onderworpe is aan belasting, sal vrygestel word van belasting in die eersgenoemde Kontrakterende Staat.

(2) Die uitdrukking "tantième" soos in hierdie artikel gebesig,

(a) beteken betalings van enige aard ontvang as vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van enige kopiereg van 'n letterkundige, kuns- of wetenskaplike werk (met inbegrip van kinematograaffilms en films of bandopnames vir radio of televisie uitsending), enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van industriële, handels- of wetenskaplike uitrusting, of vir inligting aangaande industriële, handels- of wetenskaplike ondervinding, maar

(b) dit sluit nie in enige bedrag betaal ten opsigte van die eksploitering van 'n myn, olie bron of steengroef of enige ander ekstraksie van natuurlike hulpbronne nie.

(3) Die bepalings van paragraaf (1) van hierdie artikel is nie van toepassing nie indien die ontvanger van die tantième 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is en in die ander Kontrakterende Staat 'n permanente saak het en die reg of eiendom wat aanleiding gee tot die tantième, effektief verbonde is aan 'n bedryf of besigheid wat gedryf word deur middel van sodanige permanente saak.

(4) (a) Enige bepaling van die wet van 'n Kontrakterende Staat wat voorskryf dat tantième betaal deur 'n maatskappy, by die bepaling van die maatskappy se belasbare winste as 'n aftrekking buite rekening gelaat moet word omdat dit 'n uitkering is, is nie van toepassing op tantième wat betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat nie.

